

7 OKTOBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 106
FOKUSGEDEELTE: PSALM 106:45**

Ons werk nie altyd aan ons verhouding met God nie

Gister het ons gelees dat God sy verhouding met ons in stand hou. Ja, Hy bly voortdurend aan sy verhouding met jou werk. Maar ongelukkig kan dieselfde nie altyd van God se kinders gesê word nie. Uit vers 6 tot 38 kan ons aflei dat die volk van God hulle verhouding met God skade aangedoen het deur nie werklik te glo dat Hy by hulle daaglikse lewe betrokke is nie. Hulle het nie werklik geglo dat God met sy “magtige teenwoordigheid” hulle uit baie slegte omstandighede kan red nie (vs. 10, 20). Hierdie ongeloof aan God se betrokkenheid het die volk bewys deur by afgode te gaan hulp soek (vs. 19, 28, 36-37). Hulle het inderdaad hulle verhouding met God verbreek (vs. 39). Die gevolg van troubreuk is woede (vs. 32, 40), weersin (vs. 40) en sekerlik hartseer. In vers 23 lees ons dat God dit ernstig oorweeg het om sy verhouding (verbond) met sy volk te vernietig. God wou sy kerk op aarde uitwis (Hos. 11:8-9): Hy het begin deur sy volk te straf, in die woestyn te laat sterf (vs. 26) en hulle aan die heidene oor te gee (vs. 41).

Maar dan lees ons die wonderlike woorde van vers 45: “Ter wille van hulle het Hy aan sy verbond gedink, en in sy groot liefde was Hy genadig.” Dit is die besondere klem van Psalm 106: Ons verhouding was vir God só belangrik dat Hy ons vergewe het (aan sy verbond gedink het) en weer in liefde voortgegaan het met sy kerk. Christus is die duidelikste bewys dat God “aan sy verbond gedink” het.

Sing: Psalm 106:3, 6 (p. 529-530)

Dr Riaan Rheeder (Wesrand)